

4 Februarie - BELYDENIS

Skrifgedeelte: Matteus 16:13-23 (OAV/NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 16:17 (OAV/NAV)

Die merkwaardige van dit wat Petrus hier sê, is dat dit geen opinie of mening of standpunt of interpretasie van die waarheid is nie. Dis die waarheid self. Waarom? God het dit aan hom gegee, sê die Here Jesus. Dis nie iets wat hy uitgedink het nie, dis openbaring, dis gegee. God het dit in Petrus gewerk deur die Heilige Gees. God het die ware geloof in Petrus gewerk, die ware geloof wat Jesus omarm as die Christus, die Seun van die lewende God.

Ware geloof kan nie stilbly nie, die ware geloof vloei vanuit die hart oor die mens se lippe. Dit noem ons geloofsbelydenis. Petrus bely sy geloof wat die waarheid omarm. Hy bely dus die waarheid, want dit is genade. Hy kan bely, want hy het dit ontvang.

Belydenis is 'n saak van genade en nie 'n saak van werke nie. Hierin lê die ontsaglike troos van die kerk: ons geloof is nie 'n interpretasie van die waarheid of 'n mening wat ons uitspreek nie. Deur God se genade bring Hy sy kinders tot die belydenis van die waarheid. Dis om die Woord na te sê.

Die belydenis van die waarheid is klaar verwoord agter in u Psalmboek. U hoef nie te wonder oor wat u bely nie. Dis met die belydenis van die waarheid dat ons elke dag leef, ons werk doen, teëspoed die hoof bied, onsekerhede aanpak en in 'n vreemde wêreld leef.

Mense aan wie God dit gegee het om die waarheid te bely, kan met dapperheid en oortuiging lewe en sê: Al sê die mense wat ook al, ek mag en ek kan die waarheid bely, want Christus het dit aan sy kerk gegee.

Hoe gaan u vandag lewe? As 'n persoon met 'n onsekere mening, of met 'n vaste belydenis dat Christus die Verlosser is en dat sy Woord die waarheid is?

Sing: Psalm 46:1, 2 (1936-beryming)

Ds RA Bain (Cachet)